

**Redaksie**

Ds. E. Viljoen, Bellville  
emyn04@gmail.com  
Ds. J. van der Linden, Johannesburg  
jopie1976@gmail.com

November 2009 **Nommer 83**

## INHOUDS OPGAWE

### Hartlike gehoorsaamheid

...1

### God moet teenwoordig wees

...3

### Kom saam met ons

...5

### Hoekom ek nie 'n televisie het nie

...6

### Kroongetuies van die skepping

...7

## Hartlike gehoorsaamheid

*P Niemeijer*

Gehoorsaamheid en normatiewe denke is nie baie gewilde onderwerpe in die wêreld van vandag nie. Daar is mense wat koue rillings kry as hulle maar net die woorde 'gehoorsaamheid' en 'norme' hoor. Het uiterlike groepsdwang nie baie dinge stukkend gemaak nie? Is daar in ons gereformeerde kringe nie ook baie mense wat slagoffer geword het van die 'dryf na perfeksionisme', wat ons vandag die 'normatiewe idealisme' noem nie? Met die sweep van gehoorsaamheid aan te hoog gestelde norme, is mense opgejaag en bang gemaak. Sonde was om 'n reël te oortree. En om te glo, was om jou aan die groepskode te hou.

Op hierdie punt het daar 'n groot ommeswaai in die religieuse denke plaasgevind. Vroeër was die oortreding van norme die grootste oortreding, terwyl vandag die seermaak van iemand se gevoelens as die grootste sonde gesien sal word. Hiermee word daar 'n kontras tussen geloof en gehoorsaamheid geskep. Gehoorsaamheid sou dus onpersoonlik en gevoelloos wees. Jy onderhou puur uitwendig en werktuiglik 'n aantal reëltjies. By gehoorsaamheid het jy nie 'n eie verantwoordelikheid nie. Jy word 'n kuddedier. Jy onderwerp jou willoos aan 'n groepskode. Maar geloof sou dus anders wees. Dit is individueel. En 'n saak van verhouding. Dit is om God lief te hê. Dit is lewe uit die belofte van God in plaas van lewe na sy wet.

In die moderne klimaat is die gevaar lewensgroot dat met die badwater van perfeksionistiese dissipline, ook die kind van die geloofsghehoorsaamheid weggegooi word. Daarom 'n paar opmerkings oor Skriftuurlike gehoorsaamheid.

### Gehoorsaamheid van die geloof

Dit gaan in die gehoorsaamheid aan God en aan sy wet oor die gehoorsaamheid van die gelóóf. As ons, saam met die apostel Paulus, jaag na die volmaakte, doen ons dit nie om op dié manier deur Christus gegryp te word nie. Die weg van selfverlossing en eie geregtigheid het Paulus juis as skade en drek geag.

Hy en ons jaag na die volmaakte, omdat ons self deur Christus gegryp is. Ons gehoorsaamheid is nie 'n jagtog na sielorus nie, maar is die vrug van dankbaarheid vir die vrede deur God geskenk (Filippense 3).

**Ons sal deur ons ondersoek van God se Woord juis probeer om Christelike fyngvoeligheid te ontwikkel, ook in situasies waarvoor daar geen uitgedrukte gebooië is nie**

Niemand mag dan ook 'n lewe uit die belofte en 'n lewe na die eis, teen mekaar afspeel nie. Hulle hoort bymekaar. 'n Christelike lewe is 'n lewe uit 'n ware geloof na die wet van God en tot sy eer. 'n Hartlike voorneme om na God se wet te lewe is selfs inhoud van God se belofte aan ons. Christus volstaan nie daarmee om ons vry te maak met sy bloed nie. Hy vernuwe ons ook, deur sy Heilige Gees, na sy beeld. In laasgenoemde kry die vergewing effek: *by U, HERE, is vergewing, sodat U gevrees word!*

Dit is die magtige werklikheid van die nuwe verbond wat die HERE ons betuig - dat Hy sy wet in ons binneste wil lê en dat Hy sy gebooië wil skryf op die tafel van ons hart. Dit is die werk van sy Gees in ons. As Christus in ons leef, en ons in Hom, dan breek ons met die sonde. Dan wil ons nie langer in sonde leef nie. Díé wat uit God gebore is, het 'n afkeer van die sonde, wat wetteloosheid is.

### **God se persoonlike wil**

Die wet van God is nie 'n versameling reëltjies nie. Dit bevat die persoonlike wil van Hom wat sy enigste Seun vir ons gegee het toe ons nog sondaars en vyande van Hom was.

Ons ken in ons samelewing talle reëls wat ons met mekaar afgespreek het, maar wat ook anders kon gelui het. Allerhande voorskrifte is heeltemal willekeurig. Hulle kan ook net so weer afgeskaf of aangepas word. Dat ons links van die pad bestuur en nie regs nie, soos in Europa, berus louter en alleen op ons afsprake. Uiteindelik sou dit baie anders gereël kon word.

Maar die wet van God is nie 'n dokument met 'n aantal willekeurige reëltjies nie. In sy wet het die HERE vir ons aangedui hoe Hy ons lewe gemaak en bedoel het. Só pás dit by sy skeppingswerk en só wil Hy dit graag hê! Dit is sy persoonlike wens. Daarom is sy wet ook nie die een dag sus en die ander dag so nie. Daarom sal hemel en aarde eerder vergaan as wat Hy 'n jota of tittel van sy wet sal laat val.

God se wet is nie 'n versameling onpersoonlike reëltjies nie. In die wet brand die vuur van God se heiligheid, van sy ernstige liefde wat wederliefde vra. Daarom kan die Kategismus in vraag en antwoord 10 ook sê dat God geen sonde ongestraf wil laat bly nie. Hy wil dit nie doen nie. Dit is nie vir die HERE om't ewe of ons sy gebooië oortree nie. Hy skuif dit nie lakoniek eenkant, asof Hy sê: 'dit staan nou wel so in my wet, maar dit wil nie sê dat dit (of dat Ek) nie anders kan nie'. Nee, sy wet, dit is Hyself. Toe Dawid teen die sesde en die sewende gebod gesondig het, het hy bely: '*Teen U alleen het ek gesondig en gedoen wat verkeerd is in u oë!*' (Psalm 51). Die wat hul aan God se gebod vergryp, stel hulleself op teenoor Hóm.

Die formulering van vraag 4 in die Kategismus is ook fraai. Daar staan nie: 'Wat eis God se wèt van ons?' nie, maar: 'wat eis Gød in sy wet van ons?'. Dit is die HERE self, met wie ons in die wet te doen het.

Daarom is dit nie goed om te praat van 'ons Christelike norme en waardes' nie. Dan máák jy iets persoonliks daarvan. 'n Pakket van reëls en verordeninge. Ons is nie gebonde aan norme en waardes nie. Ook nie aan die Tora as 'n afsonderlike grootheid, los van God nie. Ons is liefdevolle gehoorsaamheid verskuldig aan die HERE, aan sy wet.

### **Vertroue**

God se gebooië is nie dom, of onsaaklik, of pure teorie waarmee jy niks in die praktyk kan doen nie. Omdat dit die wet van die HERE is, weet ons dat die wet wys en verstandig en regverdig is. Die wet is presies afgestem op hierdie wêreld wat deur die sonde ontwrig en gebroke is. '*U insettinge was gesange vir my in die huis van my vreemdelingskap*' (Psalm 119:54). Watter volk ken sulke gebooië soos

**Een man saam met God is altyd 'n meerderheid.**

- Geskrywe by die monument van John Knox in Genève

hierdie? Dit is omdat geen volk so ‘n God het soos die volk van die HERE nie (Deut. 4:5-8)!

God se wet knel nie die lewe af of skaad dit nie. Dit is die wet van ons Verlosser. Hy waarsku ons juis teen die slawerny van die sonde. In sy gebooie gee Hy, as Skepper, die gebruiksaanwysing vir mens en wêreld. Dit kan jy alleen maar tot jou eie skade negeer. Die ketting van ons lewe loop vas sodra dit nie meer oor die twee tandwiele van die liefde tot God en die liefde tot die naaste loop nie. Egte Christelike gehoorsaamheid word gekenmerk deur vertroue. Die wat eers die HERE gaan nareken of die nakom van sy gebooie wel slim en saaklik genoeg is, hy gehoorsaam nie. ‘n Kind wat eers gehoorsaam is wanneer hy/sy kon uitmaak of die opdrag van pa of ma iets oplewer, is nie gehoorsaam nie, maar eiesinning en eiewys. Jy kan nie gehoorsaam wees sonder om te vertrou nie. Of anders gestel: egte gehoorsaamheid aan die Here is ondenkbaar sonder die lewende band van die geloof in Hom.

### Liefde

Ons Heiland het die wet van sy Vader saamgevat in die een gebod, naamlik om God en ons naaste lief te hê. Met hierdie samevatting het Hy ons nie ‘n maatstok in die hande gegee om te bepaal watter gebod ‘christelik’ en watter gebod Nuwe-Testamenties is nie. Hy het ons ook nie ‘n nuwe gebod gegee wat die gebooie van sy Vader buite werking gestel of tweederangs gemaak het nie. Met hierdie gebod het Hy ons juis die diepte aangewys van die wet van sy Vader. Hy het die stof van God se gebooie afgegee en ons geleer om God se wet te lees.

Die Fariseërs het God se gebooie uitgehol. Christus het ons weer geleer wat God se gebooie inhou. Die HERE vra nie ‘n uiterlike gehoorsaamheid aan slegs dit wat swart op wit staan nie. Die HERE eis ons harte. As die HERE doodslag verbied, mag niemand daaruit aflei dat dit dus nie verbode is om mekaar in die hospitaal in te slaan nie. As die HERE sê: Jy mag nie doodslaan nie, dan beteken dit ook dat ons geen plek aan vleeslike haat en wrok in ons hart mag gee nie (vgl. Matt. 5).

God se wet is die wet van sy verbond, die verbond van sy genade en liefde. In daardie verbond pas by ons nie ‘n letterknegtige houding nie: ek laat slegs ná wat God swart op wit in sy Woord verbied het. As ‘n vrou sou sê: ek laat slegs ná wat my man swart op wit verbied het, dink ons nie veel van haar huwelik nie. So is dit in die huweliksverbond van die HERE ook. Ons sal deur ons ondersoek van God se Woord juis probeer om Christelike fyngewoelheid te ontwikkel, sodat ons die wil van die HERE leer ken, ook in situasies waarvoor daar geen uitgedrukte gebooie is nie. Dit is lus en liefde om na God se wil te lewe!

---

## God moet teenwoordig wees

CJ de Ruijter

Dit kan op verskillende maniere gesê word. God **moet** teenwoordig wees. Verpligtend – ‘n eis wat aan jou lewe gestel word. Maar jy kan dit ook as ‘n wens uitspreek: ek **wens** dat God teenwoordig sal wees.

Soms ervaar kerkmense dit as ‘n norm wat hulle deur hul opvoeding bygebring is: onthou, God moet teenwoordig wees! Gewoonlik nie met aangename gedagtes daarby nie. Asof God altyd die groot kontroleur (opsiener) is. Of ‘n verkeersbeampte wat streng toekyk of jy jou wel aan die reëls hou.

Ons erken wel dat God teenwoordig *moet* wees. Maar is dit ook ons begeerte? In een van die Psalms is dit ‘n hartstogtelike wens: Deurgrond en ken my. Sal U my ken en steeds by my wees in my lewe? Dit is die gebed wat in daardie woorde opgesluit lê.

### Nêrens alleen nie

Op ‘n manier mag dit ‘n benouende gevoel gee, naamlik dat God altyd teenwoordig is. So staan dit baie nadruklik opgeteken: “U sluit my in van agter en van voor”. Waar jy ook al gaan, God is daar. En dit mag jou dalk benoud maak.

Daar is nêrens ‘n plekkie net vir jouself nie. Net so’n bietjie privaatheid sonder ander mense. Jy kan dus nie eintlik vir God wegkruip nie. Hy vind jou altyd weer.

**Die bloed van die martelare is die saad van die kerk.**

- Tertullianus

Adam en Eva het ook gedink dat hulle vir Hom kon wegkruip. Maar tog het God hulle gevind. En Hy het hulle opgesoek. Juis hier kan jy agterkom dat Hy nie maar net soos 'n wetstoepasser is wat sy reëls probeer bewaak nie.

Dit is juis uit liefde dat God ons opsoek. Hy het ook vir Adam en Eva gesê: Ek wil nie van julle ontslae raak nie. Jy hoef dus glad nie bang vir Hom te wees nie.

Dat God oral is en jy nêrens alleen is nie, dat jy nie kan wegkruip nie – dit hoef glad nie 'n benoude gevoel te gee nie, dit is juis heerlik!

### **In jou element**

Want by wie sou jy eintlik meer geborge wees as juis by Hom? Sy oë het my vormlose begin gesien. Hy het my geweef in die skoot van my moeder. God was daar van die begin af en juis dit is so bemoedigend.

God se aanwesigheid is vir my soos die vrugwater vir 'n ongebore baba. Dit is reg rondom jou, gee jou beskerming en voed jou. So is jy in jou element.

So is God rondom my. As Hy my ken, omring Hy my met sy liefde. Hy bied beskerming en Hy voed my. Sy aanwesigheid is my element. As God by jou is, gaan dit goed. In God se liefde is ek in my element.

Sodra ek dit besef, dan is ek reg vir die gebed: Here, deurgrond my. U moet altyd teenwoordig wees, dan is dit goed.

### **'n Stryd**

Ja, maar... is dit hoe ek altyd voel? Wanneer voel ek in my element? Daar is ook ander kragte aan die werk in my hart en in my lewe. In die gewone lewe van elke dag is mens geneig om jou eie ding sonder God te wil doen. Dan kan dit voel asof Hy baie ver weg is. Daarom moet daar gestry word teen sleur. Sleur in gebed en Bybellees. Is ek al biddende in my element? Soms is my gebed 'n *vreemde* element in my lewe. Is dit nie wonderlik om dan agter te kom dat Hy regtig Self teenwoordig wil wees nie? En dat Hy alles in sy vermoë doen om by my te wees. Sy oë wat my vormlose

begin gesien het, is nog steeds oop oor my hele lewe, nag en dag.

### **Hom leer ken**

Hy ken my. Maar dan wil ek ook vir Hom leer ken en Hom ook ken in wat ek doen. Soos Hyself gesê het: *Ken Hom in al jou weë, dan sal Hy jou paaie gelyk maak* (Spreek 3:6).

Dit is wanneer dit 'n wens raak: Here, U sal moet teenwoordig wees, anders loop dinge verkeerd. Hy belowe dat dit dan ook regtig goed sal gaan. Jou paaie word reguit, daar is geen skerp draaie meer in jou lewe nie. Hy lei jou op die ewige weg.

### **Oorgawe**

Op hierdie manier sal gebed meer wees as net so nou en dan die hande vou. Bid word 'n houding. Gebed word 'n lewensstyl. Daar sit 'n stuk oorgawe in opgesluit. Die mens wat steeds 'n stukkie vir homself wil hou, kom nie tot daardie oorgawe nie. Daar waar jy alleen wil wees, word 'n ander nie toegelaat nie. Daar is nie plek vir oorgawe nie.

**Ons erken wel dat God  
teenwoordig moet wees.  
Maar is dit ook ons begeerte?**

Dit is hoekom dit so belangrik is dat ons die seën in die oorgawe raaksien. Gee ek my self oor, dan hoef ek dit nie self te doen nie. Maar dan kan ek dit aan God oorgee. Om myself so aan God oor te kan gee, moet ek weer soos 'n kind word, 'n baba in sy element.

Elke mens dink na oor die weg van sy lewe. Waarheen lei die pad? So sal elkeen van ons wel 'n slag dink aan die oomblik dat ons sal sterwe. Mens kan daarteen opsien. Dit lyk so alleen!

Dit is 'n weg wat geen mens saam met jou kan stap nie. Maar juis hier is oorgawe so 'n uitkoms. God moet teenwoordig wees. Dan sal die einde wees soos die begin. Hy wat jou vormlose begin gesien het, sluit jou in van agter en van voor, ook wanneer die einde nader kom. Hy lei jou op die ewige weg. God moet teenwoordig wees. 'n Wens, 'n gebed vir elke dag.

**I do not seek to understand in order that I may believe,  
but I believe in order that I may understand. For of this I feel sure,  
that, if I did not believe, I would not understand.**

- Anselm of Canterbury

# Kom saam met ons

*ALT de Bruijne*

Op 'n vorige geleentheid het ek betoog dat jy nie noodwendig God se eenheid voorop moet stel nie. Begin deur Vader, Seun en Gees elkeen te ken. Sien dan vervolgens hoe harmonieus hulle saamwerk. En erken so dat daar tussen hierdie drie Persone eenheid is.

Op hierdie geleentheid het ons ook genoem dat 'n preek wat oor die Heilige Gees gegaan het, vir sommige mense nie so interessant was nie, want dit het veel meer oor die Gees self gegaan en nie oor wat Hy in ons doen nie. Ons is dikwels meer geïnteresseerd in wat God vir ons doen as in wíe Hy is. Verbeel jou dat jy in 'n verhouding vir jou 'maat' sê: ek is baie geïnteresseerd in jou beroep, jou hobbies, jou mening en wat jy vir my kan beteken. Maar wie jy regtig is, dit beteken nie so veel vir my nie. Ek het geen behoefte om diep in jou oë te kyk nie. So iets pas nie in 'n liefdesverhouding nie!

**Ons is dikwels  
meer geïnteresseerd  
in wat God vir ons doen  
as in wíe Hy is.**

So is dit ook by die HERE. As jy van Hom hou, dan is jou blik nie gerig op wat jy alles van Hom kan kry nie, maar dit is juis gerig op wie Hy is. Dan maak dit jou diep gelukkig om God 'diep in die oë te kyk'. Om God te ken is om te lewe (Joh. 17:3).

Ons is in hierdie artikel weer besig met ons verhouding met God. Met dit wat ons daarin ervaar, al dan nie. Met die kwaliteit van die verhouding self.

Dit is heilsaam om jou in jou verhouding met God volledig op Hom te konsentreer. Om Hom te ken as Drie-Enige sal ons verhouding met Hom prakties baie goed doen.

## **Egosentries?**

Ek het 'n keer gehoor dat dit vir iemand onuitstaanbaar was dat God op soek is na Sy eie eer.

Dit sou inderdaad egosentries wees as die HERE 'n eensame enkeling was, 'n Allah. 'n Moslim het eenkeer vir my verduidelik hoekom jy Allah met soveel oorgawe moet dien: want Allah is trots... So 'n eensame enkeling kan slegs vir homself lewe. In so 'n geval sou God net 'n eisende God wees.

Maar die HERE is 'n God wat gee. God se eer funksioneer slegs in die weg van die Drie-Eenheid. Dit is die Vader, die Seun en die Gees se eer. Nie een van hulle is egosentries op hulself gerig nie. Maar die Vader verheerlik die Seun. En die Seun die Vader. En die Gees verheerlik albei. Al drie gee. Juis as 'n God wat gee, kom die HERE tot sy eer.

En Hy betrek ons daarin. Die Vader se liefde vir die Seun is ook vir ons. En die liefde van die Seun vir die Vader wil deur ons gaan. En die Gees leer ons om Albei lief te hê.

Om God so te ken neem dadelik alle afstandelikheid weg. Dat God gedien wil word, gee nie 'n koue gevoel nie. In Homself tintel Hy van lewe en liefde. Dit hou ook verband met die punt waarop mense soms total tou opgooi: die eis van die verbond. Ek moet so baie dinge doen! Al sê 'n mens 100 maal vir mekaar dat dit nie 'n plig is nie, maar 'n saak van liefde en dat God dit self in jou werk, kom dit nogtans nie so oor nie. En die rede hiervoor het ten diepste te make met jou Godsbeeld. Wat sien jy as jy aan God dink: 'n Eisend of 'n gewende God?

## **Gereformeerde geloofsbeleving**

Tegelykertyd blyk dit dat hierdie gewende God nie iemand is wat maar net oor Hom laat loop nie. Hy is nie 'sag' soos wat dit soms onder mense genoem word nie. Ook so 'n God bly 'n eensame enkeling. Verleë oor kontak met mense. Dan begin 'n mens al gou te praat van God se lyding en swakte.

God gee liefde, Hy is op soek na 'n verhouding. Maar Hy het ons nie daarvoor nodig nie. Vader, Seun en Gees het mekaar. Hou daarom tegelykertyd vas aan God se indrukwekkende hoogheid en sy hartverwarmende liefde! So iets werk deur in jou geloofsbeleving. Die beeld van 'n 'eensame enkeling' maak jou tot 'n bang Christen met 'n pligte-geloof. Afstand sonder nabyheid. Of tot 'n verwaande religieuse persoonlikheid. Nabyheid sonder afstand. Om God te ken as Vader, Seun en

**Een van Satan se metodes vandag is om so baie organisasies in die kerk te begin dat die lidmate nie meer tyd het vir gemeenskap met God nie.** - GC Morgan

Gees leer 'n mens die regte sfeer: Afstand en nabyheid tegelykertyd. Diep onder die indruk van sy hoogheid en diep geraak deur sy liefde. Dit tipeer van vroeg reeds die Gereformeerde geloofsbeleving teenoor ander vorme. In hierdie verband gebruik die Kategismus byvoorbeeld die woordkombinasie 'ontslag en vertrou'. En die Bybel ken die samehang van ootmoed en blydskap, en die pragtige uitdrukking 'vrees van die HERE'.

### **Herkenning in jou lewe**

Om God te ken soos Hy is, is 'n voorwaarde om Hom op te merk in jou lewe. As jy Hom nie ken nie, dan sny jy byvoorbaat kanse af om Hom te ontmoet.

Die doopsformulier leer dat die drie Persone elk hul eie beloftes maak. Vanuit hierdie feit kan jy die lewe in die verbond onder verskillende invalshoeke leer sien en die verhouding met God in die middel van die lewe laat funksioneer. So iets is nie onbelangrik in 'n tyd waar dit vir ons moeilik is om te sien dat die HERE aan ons lewe verbonde is nie.

Die Vader bied sy sorg as skepper wat nog regeer. Hy gee die goeie en gebruik die kwade. Jy soek en vind afhanklikheid, leiding en geborgenheid. Met hierdie invalshoek is die lewe vol van die lewende persoon van die Vader.

Die Seun belowe versoening van skuld en bevryding. Dan leer jy om onder sy oë om te gaan met sonde en skuld, angs en eensaamheid, met die gebrokenheid in die lewe.

Die Gees belowe nuwe lewe, krag om te stry, geloof en groei. So leer jy om die lewe met sy stryd teen die sonde, neerlae en oorwinnings, twyfel en sekerheid, geloofsvrug en geestelike honger te sien as lewe deur die Gees.

Die veelsydigheid van hierdie een God help jou om die bont bestaan te ervaar as die een lewe met God. Dit laat jou gebedslewe verdiep. En die Sondag se liturgie. Dit gee rigting aan jou lofprysing.

### **Eenheid**

Iemand het 'n keer die speelse opmerking gemaak dat die Drie-Enige God as't ware Psalm 122 in die mond neem: Kom saam met ons en doen wat ons

doen (Nederlandse beryming: *kom ga met Ons en doe als Wij*). In Joh. 17 vra Jesus dat sy volgelinge een moet wees 'soos ons een is' (vgl. ook 1 Joh. 4:17). Ons verhouding moet iets wys van die liefdesgemeenskap tussen Vader, Seun en Gees.

**Juis as 'n God wat gee,  
kom die HERE tot sy eer.**

Om God so te ken is byvoorbeeld belangrik in die huwelik: twee mense word één deur liefde. Ook vir die gemeenskap van die heiliges: verskillende lede, tog een liggaam. Dink ook aan die eenheid van die kerk. 'n Mens neem dit gou getalmatig en formeel op, maar dit gaan oor die inhoudelike gemeenskap in die waarheid, danksy die bindmiddel van die liefde.

Dit is selfs vir ons kultuur belangrik. Die westerse mens verloor eers sy geloof in God en toe in homself. So verloor hy ook die eenheid van die lewe. Mense lewe los van mekaar. Volke skuil hulle agter nasionalisme. Kritici van die huidige wetenskap verwyt die uni-versiteit dat dit 'n 'multi-versiteit' geword het. 'n Chaotiese veelheid van beelde en informasie illustreer hoe versnipperd ons kultuur is. Dit is dan ook nie vreemd dat mense psigies disintegreer nie.

Baie soek die eenheid hartstogtelik terug. Wys ons vir hulle die weg? Om God te ken soos Hy is: Drie-Enig. En om Sy appél op te volg: Kom saam met Ons, en doen soos Ons doen.

## **Hoekom ek nie 'n televisie het nie**

*J Piper*

Het ek 'n televisie nodig as predikant? Ek dink die kyk van films se toepaslikheid op die prediking is baie klein. Baie blootstelling aan sensualiteit, banaliteit en God-afwesige vermaak, maak ons vermoëns om in Christus bly te wees meer dood as wat dit ons geestelik sterk maak. Bronne van geestelike krag – wat ons dringend nodig het – is nie in die bioskoop nie. Jy wil nie hê jou biograaf moet eendag skryf: steek hom en hy bloei films, nie.

**Daar is maar een vraag in die kerk:  
Wie spreek volgens die *Woord*?**

- K Schilder

As jy relevant wil wees, bv. vir prostitute, moenie 'n film kyk oor 'n bordeel nie. Verdiep jou in die evangelie, wat sakpas gemaak is vir prostitute. Kyk dan hoe Jesus met hulle in die Bybel handel, en gaan soek 'n prostituut en praat met haar. Luister na *haar*, nie die film nie. Om vermaak te word deur sonde, bring nie meer deernis vir sondaars mee nie.

Daar is miskien 'n paar uitsonderlike mans wat aksie-belaaide, spanningsvolle, seksueel eksplisiete films kan kyk en meer vroom daarvan raak. Maar daar is nie baie nie. En ek is sekerlik nie een van hulle nie.

### Enigiets wat die oë van ons verstand verdof om Christus magtig en suiwer te sien, vernietig ons

Ek het 'n hoë toleransie vir geweld, 'n hoë toleransie vir kru taal en geen toleransie vir naaktheid nie. Daar is 'n rede vir hierdie verskille. Die geweld is voorgee. Hulle bedoel nie regtig die slegte woorde nie. Maar die vrou is regtig kaal en ek kyk regtig. En êrens het sy 'n pa met 'n gebroke hart.

Ek sal dit reguit stel. Die enigste kaal vroueliggaam waarop 'n man ooit sy oë mag lê, is sy vrou s'n. Die paar uitsonderings sluit in dokters, lykbesorgers en pa's wat doeke omruil. "Ek het 'n verbond gesluit met my oë: hoe sou ek dan ag gegee het op 'n jonkvrou?" (Job 31:1). Wat die oë sien, maak regtig saak. "Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het." (Matthéüs 5:28). Beter om jou oog uit te ruk as om in die hel gewerp te word (vers 29).

Broeders, *dit* is ernstig. Regtig ernstig. Jesus is heftig hieroor. Wat ons doen met ons oë, kan ons verdoem. Een rede is dat dit feitlik onmoontlik is om oor te gaan van vermaak deur naaktheid na 'n daad van "aanskou die glorie van God". Maar dit beteken dat die Christelike lewe in sy geheel bedreig word deur die dodelike effek van seksuele verleidings.

Alle Christus-verheffende verandering kom van "aanskou die glorie van Christus". "En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in 'n spieël die heerlijkheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlijkheid tot heerlijkheid, as deur die Here wat die Gees is" (2 Korinthiërs 3:18). Enigiets wat die oë van ons verstand verdof om Christus magtig en suiwer te sien, vernietig ons. Daar is nie een man in 'n duisend wie se geestelike oë makliker beweeg word deur die skoonheid van Christus omdat hy so pas na kaal borste gekyk het saam met sy vriende nie.

Maar laat seks tersyde (asof dit moontlik is vir 15 minute op televisie). Dit is die onophoudelike *oppervlakkigheid* wat televisie so dodelik maak. Wat ons verskriklik nodig het, is hulp om ons vermoëns uit te brei om beweeg te word deur die onmeetbare glorie van Christus. Televisie vat ons amper konstant in die teenoorgestelde rigting, verlaag, verklein en versmoor ons vermoëns om Christus te aanbid.

'n Kleiner bekommernis van televisie (naas die verslawende neigings, die oppervlakkigheid en dodende effek): Dit vat tyd. Ek het so baie dinge wat ek wil bereik in hierdie een kort lewe. Moenie jou lewe mors nie, is nie 'n slagspreuk vir my nie; dis 'n afgrond waarlangs ek elke dag loop met bewing.

Televisie gebruik meer en meer tyd vir die wat gewoon raak om te kyk. Dit voel of dit so hoort. Jy wonder hoe jy sonder dit klaar gekom het. Ek is jaloers op my aande. Daar is so baie dinge in die lewe wat ek wil bereik. Ek sal doodeenvoudig nie kan doen wat ek doen as ek televisie sou kyk nie. Dus ons het nooit 'n televisie in 40 jaar van getroude lewe gehad nie (slegs in Duitsland, om te help om die taal te leer). Ek is nie spyt nie.

### Kroongetuies van die skepping

L Hordijk

As Christene praat oor die natuur, gaan dit vir hulle oor God se volmaakte skepping, wat na die sondeval van die mens, onder God se vloek geval het. Tog

### Is kerkverband 'n saligheidskwessie?

Duisendmaal ja –

in die sin dat dié wat dieselfde bloed deel, bymekaar hoort.

- ALA Buys

onderhou en regeer Hy ook na die sondeval nog sy skepping. Die mens het daarin van Hom 'n taak gekry. In ons diskussies oor die natuur sien ons die mens dikwels en ook tereg as rentmeester van die skepping. Aan die een kant as gebruiker, aan die ander kant as mede-onderhouer. Dit skep vir die mens verpligtinge en verantwoordelikhede.

### **Kroon en kroongetuie**

In hierdie artikel is my uitgangspunt Psalm 8: *Die mens as kroon van die skepping*. Maar as ons die psalm goed lees, gaan dit nie alleen oor die mens as kroon nie, maar ook as kroongetuie van die skepping: *“hoe heerlik is u Naam op die ganse aarde! ... Uit die mond van kinders en suiglinge het U sterkte gegrondves ... As ek u hemel aanskou, die werk van u vingers, die maan en die sterre wat U toeberei het - wat is die mens, dat U aan hom dink, en die mensekind dat U hom besoek?”*

Die eerste verse gee die verwondering oor die skeppingswerk weer. In die tweede deel gaan die digter Dawid oor na die mens wat amper goddelik gemaak en met heerlijkheid en luister gekroon is. Die kroon op die skepping kry mag toebedeel: *“U laat hom heers oor die werke van u hande, U het alles onder sy voete gestel.”* En dan aan die einde van die psalm klink die begin weer: *“hoe heerlik is u Naam op die ganse aarde!”*

So sit die heerskappy van die mens in hierdie psalm tussen twee beskrywings van die heerlijkheid van die Here in. Aan die begin en aan die einde van die psalm. Dit skep grense: die heerskappy van die mens staan in die lig van God se heerskappy. Eers is hy kroongetuie van die skepping, daarna eers kroon en tenslotte weer kroongetuie.

Die psalm wys ook op die verantwoordelikheid van die kroongetuie: die verwondering laat die mens – laat ons – die werk waarvan ons dag na dag getuie is, respekteer. Om daarmee om te gaan soos die Skepper daarmee omgaan. Natuurlik kan ons dit nie volmaak doen nie, slegs God kan dit doen. Ons sondes weerhou ons daarvan.

Ons Nederlandse Geloofsbelydenis verwoord dit duidelik dat ons God ken uit twee dinge: ten eerste die skepping, onderhouding en regering van die

hele wêreld; daarna die Woord, waardeur Hy Homself nog duideliker en meer volkome aan ons bekend maak.

Ook die Nederlandse Geloofsbelydenis spreek dus oor die mens as die kroongetuie: deur die sien van die skepping maak God Hom aan ons bekend. So duidelik dat ons Hom daaruit kan ken.

As ons so na die skepping kyk, sien ons ons verantwoordelikheid duidelik. As ons die skepping aantast, tast ons God se werk aan. As ons die skepping aantast, funksioneer ons nie goed as kroongetuie nie. Daarom moet Christene in die bres tree vir die skepping. Nie omdat ons die natuur aanbid of vermenslik nie. Dit sien mens soms by aksiegroepe of omgewingsbewegings. Hoe goed aksies van Omgewingsverdediging en Greenpeace soms ook is, die natuur moet nie gespaar word ter wille van die natuur alleen nie.

### **Verantwoordelikheid**

As ons nou die rentmeesterskap plaas langs die kroongetuie, kan daar geen sprake wees dat die rentmeesterskap sou lei tot uitbuiting van die skepping nie. Of tot 'n oorskating van wat ons met die skepping mag doen nie. Of tot 'n beklemtoning van bou en 'n verwaarlosing van bewaring.

**Die beskerming  
van God se skepping  
lê nie in ons sondige aard nie.  
Dus as dit nie verplig is nie,  
doen ons dit liever nie**

Waar lê ons verantwoordelikhede? Die probleem is as ons dit moet toepas, veral op onself. Ons eie gedrag. Ons politieke keuse, ons maatskappy, ons leefwyse. Dit is maklik om dit aan ander voor te hou, maar wat onself betref, is ons dikwels nie beter as die wêreld om ons heen nie. Dan is ons ook geneig om eers na ander te kyk, of nog verder weg na die buiteland. Ons het dan 'n hele lys verskonings reg.

Wat is die mees algemene verskonings om jou te verset teen maatreëls om die natuur te beskerm? Ek noem 'n paar.

**‘n Lewe oorgegee aan Christus  
kan nooit kortgeknip word nie**

- S Day



Die eerste een is die *ontkenning*: dit is nie waar nie, daar word oordryf; dit is 'n stokperdjie van 'n paar regeerders en aktiviste, wetenskaplikes moet ook werk hê. Herken u dit? Engeland het lang ontken dat daar so iets soos suurreën bestaan; die chemiese industrie het niks van 'n chloorprobleem gewet nie; daar is Christene wat van mening is dat partye wat ten gunste van aborsie en genadedood is, onmoontlik reg kan wees in omgewingsake; omgewingsprobleme is deur linkse partye uitgedink. U het al hierdie verskonings 'n slag gehoor of miskien self gebruik.

Na verwant aan die ontkenning, is die beklemtoning van die *onsekerhede* in die wetenskap. As daar een navorser is wat die resultate van ander betwyfel, word dit gebruik as gerusstelling. Dink maar aan die moontlike verandering van die klimaat. Inderdaad, ons weet nog nie alles nie, maar intussen wel baie.

**Laat ons so na ons toekoms kyk:  
Nugter, omdat die mag  
van die sonde en vloek  
nie finaal deur mense of die  
owerheid gebreek kan word nie**

'n Derde kategorie van verskonings is om te *blameer*. Hoekom moet ek iets doen? Kyk maar eers na die boere, sê die motoriste. Laasgenoemde verwys weer na die chemiese industrie. Hoekom ons en nie die kragentrales of die raffinaderye nie, hulle het meer skuld ens. En as daar binne ons landgrense nie voldoende skuldiges is nie, dan is daar nog die buiteland. Ons dra minder as 1% by tot klimaatsveranderinge, laat groot lande eers na hulself kyk. Daarna sou dit pas ons beurt wees.

### Oorsake

Sommige van hierdie verskonings is verstaanbaar, ander glad nie. Die beskerming van God se skepping lê nie in ons sondige aard nie. Dus as dit nie verplig is nie, doen ons dit liever nie. Boonop kos dit dikwels ook nog baie geld. Ons maatskappy kan bankrot gaan, ons konkurrensieposisie wankel, dit verg aanpassings in ons maatskappy. Hoe het dit alles sover gekom?

Ek sien 'n paar redes – saam met die hoofredes wat ek reeds aangegee het:

Omgewingsprobleme is *ingewikkeld*. Neem byvoorbeeld die versuring van grond. Dit gaan oor stowwe wat “natuurlik”, sedert die skepping, in die natuur voorkom. Dit is natuurlike stowwe wat deur plante gebruik word vir hulle groei. In sekere konsentrasies is hulle nie skadelik nie. Inteendeel, as daar te min is, ly plante daaronder. Daarteenoor is dit ook 'n probleem as konsentrasies te hoog is. Dan slaan die goeie werking oor na 'n slegte werking. Dit is dikwels 'n kwessie van die korrekte dosering, van die regte balans.

Ook die balans is belangrik, want as die chemie in die grond of atmosfeer uit balans raak, kan ons probleme verwag. 'n Goeie voorbeeld hiervan is stikstof. Om versuring te verminder, moet daar minder stikstof op die grond beland. Veronderstel ons pas die beleid streng toe. Wat gebeur dan? Daar bestaan 'n goeie kans dat in bepaalde dele van die land op sonnige somersdae die rookmis meer dikwels gaan voorkom. Moet ons almal fietsry daardie dag? Dit sal ook nie help nie. Immers, as ons fietsry, haal ons dieper asem, en daarmee asem ons weer meer slegte stowwe in.

Dit word amper te ingewikkeld vir die gewone mens. En moeilik om te verduidelik. Geen wonder dat u miskien maar liefds wil tou opgooi. Inderdaad, die skepping is pragtig, maar dikwels moeilik om te verstaan.

'n Tweede rede vir die soeke na verskonings is dat dit soms *tyd vat* voordat 'n omgewingsprobleem sigbaar word. Neem die grondbesoedeling. Vir 'n lang tyd het ons die grond gebruik as vuilgoeddrom, net so ook die oseane. Baie jare na die probleem veroorsaak is, het ons agtergekom dit is 'n probleem. En nou kos dit miljoene om dit weer skoon te kry. Terwyl dit maar 'n fraksie van die bedrag sou gekos het as ons dit nie in die grond weggesteek het nie. Soms was dit onkunde, soms was dit opsetlik.

Omdat dit so lank vat voordat 'n probleem sigbaar word, is ons geneig om te dink dat dit nie so erg is nie. Die enkeling wat vooruitkyk, word gesien as doempfeet.

**Since God has a Son of his own – and such a Son! – how wonderful God's love in adopting us! We needed a Father, but he did not need sons**

- T Watson

Die ander kant is dat dit dikwels langer vat voordat 'n probleem opgelos is. Dit vat lank voor fosfaat in die grond 'n merkbare probleem word. Maar dit vat ook lank voor ons die probleem opgelos het. Die grond is traag, dit syfer maar stadig weg.

In die derde plek is daar mense wat dink dat ons met 'n *goeie tegnologie* alles kan oplos. Ek stem in 'n groot mate daarmee saam. Maar dit is soos om die perd agter die wa te span as ons eers 'n probleem laat ontstaan om daarna elke tegnologie in te span om die probleem op te los. Dis beter om die probleme te voorkom. Tegnologie kan nie gebruik word om probleme te laat ophoop omdat ons die tegnologie wel sal uitvind nie.

Ten slotte, sommige omgewingsprobleme is *ver weg*. Probleme soos stank en geluid ervaar jy direk, dit is ook dikwels maklik om op te los. Ander probleme lê verder weg soos suurreën en rookmis. En dan is daar nog die wêreldprobleme soos klimaatverandering, die gat in die osoonlaag ens. Die probleme lê baie ver en dis moeilik om hulle gevolge voor te stel. Wat pla dit ons as daar by die Suidpool gedurende 'n paar maande per jaar minder osoon op meer as dertig kilometer bo ons koppe is?

My reaksie daarop is dat ons ook bydra tot hierdie probleme. Dit moet daartoe lei dat ons ons verantwoordelik voel. Immers, ander mense ver weg en dikwels baie armer as ons, word benadeel deur ons gedrag.

### Hoe dan anders?

Al kom dit so oor, ek is nie 'n doemprofeet in plaas van kroongetuie nie! Ek het probeer om aan te toon hoekom en waar die kroongetuie verkeerd gaan. Die vraag is: hoe moet dit dan? Eerstens om ons meer as kroongetuie te gedra. Ons verantwoordelikhede te ken. Om langs ons boudrif ook ons bewaardrang te ontwikkel. Maar hoe doen mens dit? Hoe kan 'n owerheid dit doen? En die politiek?

Die begin van 'n antwoord lê in die begrip “duursame ontwikkeling”. Deesdae word baie gebruik gemaak van hierdie begrip wat al in 1987 bekendgestel is deur die World Commission for Environment and Development. Hulle het die

volgende definisie voorgestel: “'n *Duursame ontwikkeling* is 'n ontwikkeling wat voorsien in die behoefte van die huidige generasie sonder om die moontlikheid om in toekomstige generasies se behoefte te voorsien, in gevaar te bring”.

**Laat ons so na ons toekoms kyk:  
Besielend,  
omdat dit seker is  
dat God sy wêreld  
nie in die steek laat nie**

Dit klink baie aantreklik, maar die vraag ontstaan watter norme word gestel vir duursaamheid. Ons gaan daarvoor terug na die Bybel.

In die sestiende eeu het Calvyn by sy uitleg van die Bybelboek Genesis al 'n “definisie” van duursame ontwikkeling geformuleer: “*Die mens wat 'n akker besit, moet die jaarlikse vrugte oes, en toesien dat hy die grond nie a.g.v. agterlosigheid laat uitput nie. Maar hy moet seker maak dat hy die akker aan sy nakomelinge oorlewer soos hy dit ontvang het of in 'n nog beter toestand*”.

As ons hierdie uitleg vertaal vir vandag en ons vergelyk dit met die bg. definisie van duursame ontwikkeling, dan is daar 'n paar parallele. In die eerste plek noem Calvyn dat die gebruik van die aarde nie tot uitputting mag lei nie. Dit vind ons ook terug in die hedendaagse definisies van duursame ontwikkeling. Vervolgens wys Calvyn, in navolging van die Bybel, op die feit dat die nakomelinge ook van die opbrengste van die aarde moet kan leef. Hy stel dit selfs nog skerper as die huidige definisie van duursaamheid: die kwaliteit van die grond moet beter word.

So met die eerste oogopslag lyk dit dat die teenwoordige strewe na duursaamheid pas in Calvyn se uitleg van Genesis. Die rede waarom daar na duursaamheid gestreef moet word, vind ons egter huidiglik nie terug in die regeringsbeleid nie: tot eer van God. Hiermee bly egter ook vir die Christen die vraag hoe die begrip “duursaamheid” ingevul moet word, lewensgroot aanwesig. Duursaamheid kos geld. Daar is 'n paar opsies wat oorweeg kan word.

**Wie of wat ons dien,  
bepaal ons gedrag**

- J Murray

## Duursaamheid

As belangrike uitwerking van duursaamheid sien ons dat die gebruik van hernieubare hulpbronne binne die grense van herproduksie gehou moet word. Daarby sal die gebruik van nie-hernieubare hulpbronne soveel moontlik vervang word deur die gebruik van hernieubare hulpbronne. Vir *hernieubare grondstowwe* (bv. vis en hout) sou 'n duursame gebruik inhou dat dit nie meer gebruik word as die natuurlike snelheid van herstel, nie. Vir hout hou dit in dat daar nie meer van gebruik word as wat via groei en aanplant weer bykom, nie. Dat ons nog ver daarvandaan is, is duidelik vir elkeen wat weet hoe vinnig die voorraad tropiese bos krimp. In die trope het die helfte van die oorspronklike bosbegroeiing verdwyn!

Vir 'n *nie-hernieubare grondstof* (olie, aardgas, erts) word duursaamheid bepaal deur die snelheid waarmee alternatiewe vir die grondstof ontwikkel word. Ons kan hierby dink aan ons aardgasvoorraad, wat gebruik word vir die opwek van elektrisiteit, vir verwarming en vir kook. Ons sou bv. oor vyf jaar nie meer aardgas nie, maar 'n alternatiewe manier moet gebruik (son, wind, hout).

**Ek dink ons doen dit makliker – dat ons minder geneig sal wees om slegte kroongetuie te wees – as ons reëlmatig aan ons taak herinner word.**

“Ons kyk tenslotte na die *vervuilende/besoedelende stowwe*. Duursame gebruik van hierdie stowwe word bepaal deur die tempo waarmee 'n skadelike stof herwin kan word of onskadelik gemaak word deur die omgewing. Die beginsel lyk goed, maar die enorme hoeveelheid stowwe wat daaglik in die omgewing vrygestel word, maak die vasstelling van die duursaamheidsgrens van 'n stof moeilik. Maar ons kan in elk geval begin met die drastiese vermindering van vervuilende stowwe.

Dit bly moeilik om duursaamheid te bepaal, om 'n getal daaraan te verbind. Dit is dikwels nie alleen 'n saak van wetenskaplike ondersoek nie, maar

op provinsiale of gemeenskapsvlak nie, maar ook vir elkeen afsonderlik. Ek dink ons doen dit makliker – dat ons minder geneig sal wees om slegte kroongetuie te wees – as ons reëlmatig aan ons taak herinner word. Dit kan op tenminste drie maniere:

1. Die owerheid stel duidelik norme. Die norme moet nie slegs duidelik wees nie, maar ook duidelik aangegee word. En dat oortreding swaar gestraf sal word.
2. Die owerheid gee self die goeie voorbeeld as dit gaan oor die afweeg tussen ekonomie en omgewing. As 'n projek tot nadeel van die omgewing sou wees en die owerheid tog sou besluit om daarmee voort te gaan, dan moet die goeie redes vir hierdie uitsondering baie duidelik aan die burgers genoem word.
3. Slegs die son gaan verniet op. Alle ander gebruik van die omgewing is nie gratis nie – die besoedelaar betaal. Gelukkig word dit steeds meer raakgesien dat 'n aantal probleme alleenlik goed opgelos word as die mens dit in sy beursie voel. As daar 'n prys betaal moet word. Daar word op die oomblik baie navorsing oor gedoen en baie politieke onderhandel. Want so 'n prysstelsel het verregaande gevolge, nasionaal (vir mense met 'n laer inkomste word omgewingsbesoedeling duurder) en internasionaal (as ons bure en handelsvernote dit nie doen nie, volg ander probleme).

Die voorkoming en oplossing van omgewingsprobleme is 'n saak van goeie rentmeesterskap. As kroongetuie het ons 'n besondere taak in God se skepping. Ons is bewus daarvan dat dit baie moeilik is, maar ons moet die probleme nie van ons af of voor ons uit skuif nie, na nader lande, na ons kinders en kleinkinders nie. Laat ons so na ons toekoms kyk: “Nugter, omdat die mag van die sonde en vloek nie finaal deur mense of die owerheid gebreek kan word nie. God self het deur Christus nuwe insig gegee en Hy self lei die geskiedenis – deur die oordeel heen – na 'n nuwe wêreld waarop geregtigheid woon. Tegelykertyd ook besielend, omdat dit seker is dat God sy wêreld nie in die steek laat nie”.

**In an effort to get the work of the Lord done,  
we often lose contact with the Lord of the work**

- AW Tozer